

Inhoudsopgawe

FOKUSTYD 2016: Wanneer die Here my altyd-weer ontmoet...!

Week 1	Wanneer die Here my altyd-weer in my sonde ontmoet...	
	Kleingroepriglyn.....	4
	Dagstukkies.....	8
Week 2	Wanneer die Here my altyd-weer in my mensgemaakte godsdiens ontmoet...	
	Kleingroepriglyn.....	13
	Dagstukkies.....	17
Week 3	Wanneer die Here my altyd-weer in my menslike beperkings ontmoet...	
	Kleingroepriglyn.....	22
	Dagstukkies.....	26
Week 4	Wanneer die Here my altyd-weer in my geloofsworsteling ontmoet...	
	Kleingroepriglyn.....	31
	Dagstukkies.....	34
Week 5	Wanneer die Here my altyd-weer in my geloofsvolharding ontmoet...	
	Kleingroepriglyn.....	39
	Dagstukkies.....	43

Kleingroepe in ons gemeente

Daar is tans twintig KLEINGROEPE in ons gemeente en ook nog enkele Bybelstudiegroepe. Dit is 'n groot krag in die bediening en 'n baie goeie hulpmiddel waardeur VERHOUDINGS met mekaar, met God en met sy wêreld uitgebou kan word.

Die huidige praktyk is dat lidmate wat volledig by 'n kleingroep inskakel, nie in 'n gewone wyk bedien word nie. Elke kleingroep het 'n ouderling en diaken, verkieslik iemand in daardie groep wat dus weekliks of twee-weekliks ten nouste met die lidmate saamleef. Indien 'n kleingroep nie 'n ouderling en diaken het wat deel is van die groep nie, word die lidmate in die kleingroep gewoon soos lidmate in 'n wyk deur 'n ouderling en diaken besoek.

Dit is belangrik om nie te veel van kleingroepe te maak asof dit die einddoel van alles is nie. Dit gaan in die kerk oor VERHOUDINGS en dit moet op verskillende maniere in ons bediening vergestalt word.

Na jare se praktyk is ons steeds oortuig dat kleingroepe 'n besondere struktuur is waarbinne verhoudings gebou kan word. Daarom wil ons dit graag as bedieningsmodel in die gemeente verder uitbou.

Dit gesê, is ons ernstig in ons pogings om nie te dink dat lidmate wat nie by kleingroepe inskakel nie, minderwaardig is nie. Inteendeel. Verhoudings kan ook op ander maniere gebou word.

Indien jy vir die eerste keer by 'n kleingroep inskakel, vertrou ek dat jy die seën daarvan sal ervaar.

Waaroor gaan kleingroepe?

Ons wil graag soveel lidmate as moontlik vir die Fokustyd in kleingroepe betrek. Jy verbind jouself vir die vyf weke, waarna jy die vryheid het om te besluit om met die kleingroep aan te gaan, by 'n ander kleingroep in te skakel, of as kleingroep op te hou om te bestaan. Onthou dat dit nie oor kleingroepe op sigself gaan nie, maar om die feit dat kleingroepe 'n goeie instrument is waarmee verhoudings gebou kan word.

Die formaat van die kleingroepbyeenkomste is gerig op die verskillende verhoudings wat in 'n gesonde kleingroep behoort aandag te kry, nl.:

A. Verhouding met mekaar (30 min)

Die gelowiges kom as broers en susters bymekaar. Daar word dus op mekaar gefokus. Hoe gaan dit? Kan ons mekaar van hulp wees? Vrae wat die kleingroep in nog kleiner groepies kan beantwoord word gegee. Saam eet of koffie drink kan hier deel wees.

B. Verhouding met die Here

B.1 Ons met die Here (15 min)

As gelowiges fokus ons nou op die Here. Lofprysing, sang en stilword voor die Here moet in ons lewe en in ons byeenkoms 'n plek kry. Die voorlees van gebede, veral lofsprysingsgebede, sang, die luister na geestelike musiek en die gebed om die verligting van die Heilige Gees sodat God se Woord lewend in ons kan werk, kry hierin 'n plek.

B.2 Die Here met ons (30 min)

In hierdie deel van die byeenkoms spandeer ons tyd om na die Here se Woord te luister en daarom neem dit so 'n belangrike plek in tydens ons byeenkomste in. 'n Bepaalde Skrifdeel of Skrifdele word behandel en die fokus is hier op die luister na wat die Here vir ons sê.

C. Verhouding met die wêreld en die skepping (15 min)

Die laaste kwartier is van uiterste belang omdat dit te make het met die toepassing van wat ons van die Here gehoor het in ons lewe en wêreld. Hier word leidende vrae gestel met die bedoeling dat elke gelowige konkreet die Woord van die Here kan gaan toepas. Pasop om nie aan die versoeking toe te gee om nie by die punt uit te kom nie. Wat hier bespreek is sou by 'n volgende byeenkoms gekontroleer kon word.

Hoewel hierdie kleingroepriglyn struktuur bied vir julle byeenkoms hoef dit nie slaafs nagevolg te word nie. Indien julle byvoorbeeld op 'n gegewe aand by een van die verhoudings vashaak of net by sommige daarvan uitkom maak dit nie saak nie. Dieselfde geld vir die tydsaanduidings. Moet egter nie volgende week weer by dieselfde tema stilstaan nie, maar volg die Fokustyd saam met die res van die gemeente.



Kleingroepriglyn – Week 1

Wanneer die Here my altyd-weer in my SONDE ontmoet



Besluit as groep watter een van die twee Skrifgedeeltes, wat onderskeidelik tydens die oggenddienste of die aanddiens as teksgedeelte gebruik gaan word, julle wil gebruik.

Koppelgedeelte

Laat iemand in die groep die onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees

Hierdie week fokus ons op die Here wat ons altyd-weer in ons sonde ontmoet.

Die vergewing van ons sondes – dis so 'n kerndeel van die evangelie. Dit is die feit dat God sondaars vergewe op grond van die kruisdood van ons Here Jesus. Die skrywer van Hebreërs stel dit duidelik: “Deur die één offer het [Christus] dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vrygemaak.” (Heb. 10:14) Ons kan dus terugkyk op die vergewing van ons sondes as 'n afgehandelde saak: ons hemelse Vader het ons in Christus vergewe vir ons sonde. “Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.” (Heb. 10:18)

Tog bly hierdie vir ons 'n moeilike feit om te aanvaar – veral in die lig daarvan dat elkeen van ons nog steeds daagliksonde doen. Dis in hierdie daaglikse worsteling met ons sonde en gebrokenheid, waarin ons Here Jesus ons altyd-weer kom ontmoet. Hy ontmoet ons altyd-weer, nie om opnuut weer vir ons sondeskuld te betaal nie, maar om aan ons te bevestig dat Hy reeds ons skuld betaal het. “Ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei.” (Heb. 10:19-20)

Wanneer ons Here Jesus ons altyd-weer in ons sonde ontmoet, laat Hy ons groei in ons vertroue op die verlossingswerk wat Hy reeds vir ons gedoen het. So versterk Hy ons geloof in Hom. So leer Hy ons om deur sy genade teen ons sonde te veg, en te oorwin. “Laat ons [daarom] tot God nader met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.” (Heb. 10:22)




Met die oog op beide oggenddienste

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op hoe ons Here Jesus 'n sondaar ontmoet in die oomblik wat haar sonde ontbloot word. In die oë van die mense, wat op daardie dag daar was, was straf en oordeel die enigste uitweg. Ons Here Jesus kom wys egter dat daar 'n nuwer en beter weg is.

Met die oog op die aanddiens

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op die roeping van die tollenaar Saggeus. Ons kom te staan voor die wonder dat ons Here Jesus nie net saam met tollenaars en sondaars eet nie, maar ook op die gevolge daarvoor in die man se lewe.



Mag ons deur die weer-ontmoeting van Jesus in ons sonde beleef dat die evangelie werklik "’n krag van God is tot redding van elkeen wat glo" (Rom. 1:16).

Die dagstukkies hierdie week handel oor hoe ons Here Jesus my altyd-weer in my sonde ontmoet:

- 1.1. sodat my lewe kan oorloop van dankbaarheid
- 1.2. sodat Hy my sonde-gedrewe isolasie kan verbreek
- 1.3. vir my, en ook my vyande
- 1.4. selfs wanneer ek niks meer kan doen om dinge reg te maak nie
- 1.5. Motlatsing Moreki gee haar perspektief op die tema



Verhouding met mekaar (15-30 min)

1. Hoe gereeld behoort ons herinner te word aan die feit dat ons Here Jesus REEDS vir ons sondeskuld betaal het? Waarom?
2. Watter rol behoort ons medegelowiges te speel in hoe ons herinner word aan die feit dat ons sondeskuld reeds vergewe is?



Verhouding met die Here (45 min)

Ons met die Here (15 min)

Sing saam tot eer van die Here.

Die groep kan self die liedere kies
of die volgende gebruik.
Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.

Psalm 32-1:1

Welsalig wie van skuld en straf onthewe,
die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid,
het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde
toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry,
voor God ootmoedig al die skuld bely.

Psalm 33-1: 1, 2

Sing vrolik, hef die stem na bowe;
regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe
en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange -
stem van sterk verlange
om die HEER te dank -
by die smeltend-skone
harp- en sitertone,
liefde en lof verklank!

Sing nuwe sange, nuutgebore
uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore
moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is /
in Gods Woord wat reg is,
het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke /
sien ons op sy werke -
waar en reg soos Hy.

Gebedsvoorstel

Doen 'n lofprysings- en dankseggingsgebed waartydens julle ook vra om die verliggende werk van die Heilige Gees in die verstaan en deurwerking van die Woord in julle lewe.

Die Here met ons (30 min)

Skrifgedeeltes:
Oggenddienste: Johannes 8:1-11
Aanddiens: Lukas 19:1-10

1. Laat iemand die gekose Skrifgedeelte deurlees waarna elkeen 'n geleentheid kry om iets te sê wat hom of haar uit die gedeelte GETREF het, in die besonder oor die tema van hoe Jesus ons in ons sonde ontmoet. Die stelling moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
2. Laat iemand anders dieselfde gedeelte weer lees en gee geleentheid vir elkeen in die groep om 'n VRAAG te vra uit die gedeelte, in besonder oor die tema van hoe Jesus ons in ons sonde ontmoet. Die vraag moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
3. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.

4. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos aan die betrokke predikant deur. (Die week se oggenddienste ds. Willem en aanddiens ds. Fanie.)
5. Indien daar nog tyd oor is, kan die ander teksgedeeltes ook behandel word.



Verhouding met die (15 min)
wêreld en skepping

1. Julle moet as groep die drie grootste uitdagings identifiseer in hoe ons mense hanteer wat ons beleef as die "groot sondaars" van ons tyd.
2. Waarin het ons as gemeente reformasie of selfs bekering nodig in hoe ons ons eie sonde en die sonde van ander hanteer?



Dagstukkies - Week 1

Wanneer die Here my altyd-weer in my SONDE ontmoet



Dagstukkie 1-1

Skrifdeel:
Lukas 7:36-50

Wanneer die Here my altyd-weer in my sonde ontmoet, sodat my lewe kan oorloop van dankbaarheid.

Simon, die Fariseër, het vir Jesus genooi om by sy huis te kom eet. Simon, was heel moontlik nuuskierig oor wie ons Here Jesus is. Wanneer ons Here Jesus nie hierdie vrou, wat bekend was vir haar sondige leefwyse, weg wys nie, word Simon se negatiewe persepsie van ons Here Jesus versterk.

Simon beseft nie dat hierdie vrou verlossing in ons Here Jesus gevind het nie. Hy herken nie haar optrede as die optrede van iemand wat haar dankbare liefde aan haar Verlosser wil bewys nie. Die feit waarvoor ons Here Jesus vir Simon te staan bring, is dat jy Hom nie kan ken as jou Verlosser en dan bloot neutraal of onaangeraak teenoor Hom optree nie.

Simon het nie buite die sosiale norm opgetree deur nie vir ons Here Jesus water te gee, sodat Hy sy voete kon was nie. Simon was ook nie onder 'n verpligting om ons Here Jesus met 'n soen te groet of om sy kop met olie te salf nie. Simon wys egter deur sy optrede dat hy nie beseft wie Jesus is nie.

Ontmoetingsvraag

Hierdie ontmoeting met ons Here Jesus bring jou voor die vrae: Sien jy jouself as iemand wat baie genade ontvang het toe die Here jou vergewe het vir jou sonde? Wat doen jy om jou dankbaarheid te wys?

Teenoor Simon se optrede, staan die optrede van hierdie vrou wat bykans elke sosiale norm oorskry het in die wyse waarop sy berou getoon het oor haar sonde, en ook in die wyse waarop sy met oorgawe haar dankbare liefde vir ons Here Jesus bewys het. Elkeen van die mense in Simon se huis kon sien dat daar iets in hierdie vrou se lewe gebeur het toe ons Here Jesus haar ontmoet het. Jesus gee self die openbare

bevestiging van wat met haar gebeur het, wanneer Hy sê: “Jou sondes is vergewe... Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.” (Luk. 8:48, 50)

As sondaars kan daar nie vir ons 'n groter bron van vreugde wees nie, as die woorde: jou sondes is vergewe.



Dagstukkies 1-2

Skrifdeel:
Joh. 4:1-18, 27-28

Wanneer die Here my altyd-weer in my sonde-gedrewe isolasie ontmoet

In hierdie ontmoeting openbaar ons Here Jesus homself as die Persoon wat kontak maak met sondaars.

Die vyandskap tussen die Jode en die Samaritane dien eintlik net as agtergrond vir hierdie ontmoeting van ons Here Jesus met die Samaritaanse vrou. Van buite gesien, sou enige Jood hierdie vrou as 'n sondaar beskryf het – gewoon net omdat sy 'n Samaritaan was. Ons Here Jesus kom wys egter dat Hy mense ook van binne sien.

Gewoonlik sou die vrou vroeg-oggend of laat-middag in groepe kom water skep het by die put. Daarom is dit vreemd dat ons Here Jesus hierdie vrou op die hitte van die dag alleen by die put vind. Dit wil lyk of hierdie vrou juis niemand by die put wou raakloop nie. Sou sy iets wou wegsteek? Was sy skaam oor iets wat sy nie meer kon wegsteek nie?

Ontmoetingsvraag

Hierdie ontmoeting met ons Here Jesus bring jou voor die vrae:
Watter skande/skaamkry, oor die dinge wat jy gedoen het of steeds doen, dra jy met jou saam? Watter invloed behoort die feit, dat ons Here Jesus selfs jou skande gedra het, op jou lewe te hê?

Die feit dat ons Here Jesus nie net uiterlik na mense kyk nie, word duidelik in die manier waarop Hy met haar praat. Hy verneder haar nie. Hy stoot haar nie weg nie. In Johannes 4:9 sien ons dat die vrou eintlik self nie kan glo dat ons Here Jesus met haar praat nie.

Ons Here Jesus praat met hierdie vrou omdat Hy haar in die dieptepunt van haar sonde wil ontmoet. Hy wil vir haar wys dat sy nie haar dors – haar behoefte om iewers in die lewe in te pas – kan les in 'n reeks

gebroke verhoudings nie. Hy wil haar losbreek uit die isolasie wat haar sonde en haar skande veroorsaak. Hy wil vir haar die lewende water gee – en daarom gee ons Here Jesus vir hierdie vrou die opdrag om haar man te gaan roep en na Hom toe terug te kom.

Die feit dat ons Here Jesus hierdie vrou kom bevry het van die alleenheid en die skande wat haar sonde veroorsaak het, word duidelik in haar reaksie. “Die vrou...het

na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê: “Kom kyk, hier is ’n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?”



Wanneer die Here my vyande altyd-weer in hulle sonde ontmoet

In Jerigo ontmoet ons vir Saggeus – hy was die hoftollenaar en baie ryk. Hy was ’n Jood, maar hy is beskou as ’n verraaier omdat hy namens die Romeinse keiser belasting ingesamel het onder die Jode. Die Romeinse keiser wou ’n sekere hoeveelheid belasting hê, maar hy het nie omgee hoeveel belasting die tollenaars vir hulle eie sak insamel nie. Die keiser het selfs vir die tollenaars Romeinse soldate gegee, wat gehelp het om met mag en geweld die belasting in te samel.

Saggeus is dus gesien as een van die verskriklikste sondaars van sy tyd.

Dan vind ons Here Jesus vir Saggeus: Hy sien hom in die boom, Hy roep hom uit op sy naam, Hy sê dat Hy by Saggeus MOET tuisgaan.

Ontmoetingsvraag

Hierdie ontmoeting met ons Here Jesus bring jou voor die vrae: Hoe reageer jy wanneer jou vyande vergifnis ontvang? Hoekom is jou reaksie geregverdig of nie geregverdig nie?

In ’n skare mense, wat later wys dat hulle minder as niks van Saggeus dink – sonder ons Here Jesus hom uit. Ons Here Jesus het goed geweet wie en wat Saggeus was, maar wanneer Hy vir Saggeus roep, dan noem Hy hom nie “sondaar” of “volksverraaier” of “skelm” nie. Ons Here Jesus roep hom op sy naam, Saggeus, wat *regverdige* beteken.

Dis hoekom ons Here Jesus aarde toe gekom het. Hy sê dit self in v. 10: “Die seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”

Dis hartseer is egter dat ons in Lukas 19:7 lees: “Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: “[Jesus] gaan by ’n sondige man tuis!”

En nou is die vraag: hoe reageer jy daarop dat ons Here Jesus altyd-weer sondaars in hulle sonde ontmoet? Wat is jou reaksie wanneer ons Here Jesus iemand verlos, wat teenoor jou gesondig het? Wanneer Hy aan iemand genade bewys, wat in jou oë geen genade verdien nie?

Dis eers wanneer ek besef dat ook my eie verlossing alleen maar rus op die genade van God, dat ek kan bly wees oor ander sondaars wat uit genade gered word.

Wanneer die Here my altyd-weer in my sonde ontmoet, selfs wanneer ek niks meer kan doen om dinge reg te maak nie.

In die evangelie hoor ons die goeie nuus dat ons van ons sonde verlos word alleen maar op grond van die genade van ons Here Jesus. Ons kan niks doen om hierdie genade te kan verdien nie. Ons kan dit slegs deur die geloof ontvang.

Sulke genade maak ons soms ongemaklik – dalk selfs senuweeagtig: as alles dan genade is, sal ons nie roekeloos of onverskillig wees nie. Gee hierdie tipe genade nie vir ons die geleentheid om ons hele lewe te leef soos ons wil, net om dan in die laaste oomblikke van ons lewe gou vas te gryp aan die genade van Jesus Christus nie?

Die Skrif is duidelik oor die feit dat geen mens onaangeraak of neutraal kan staan teenoor die genade van die Here nie. Dink maar aan die vrou wat ons Here Jesus se voete met haar tranes gewas en toe gesalf het. In haar daad word haar verlossing duidelik vir almal om te sien. Geen mens kan deur die geloof ingeplant word in Christus, sonder dat hy of sy begin om die vrugte van bekering te dra nie.

Tog moet ons versigtig wees om te dink dat ons verlossing afhanklik is van ons vermoë om uit dankbaarheid te leef as nuutgemaakte mense. Hierdie misdadiger het in die oë van die wêreld gesterf as 'n skuldige, wat sy straf ontvang het. Hy is nie in hierdie lewe onthef van die gevolge van sy sonde nie. Terselfdertyd het hy gesterf as 'n sondaar, wat vrygespreek is en die belofte van ons Here Jesus ontvang het: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." (Luk. 23:43)

Ontmoetingsvraag

Hierdie ontmoeting met ons Here Jesus bring jou voor die vrae: Is daar plekke in jou lewe waar jy nog vasgekeer voel deur jou sonde? Op watter plekke in jou lewe, probeer jy nog om jouself van jou sonde te red?

Soms kom ons deur ons sonde in 'n doodloopstraat, waar daar vir ons geen kans is om los te kom van die gevolge van ons sonde nie. Die wonderlike troos is egter dat ons Here Jesus ons selfs in daardie plekke altyd-weer ontmoet. Hy is die Verlosser, wat selfs misdadigers, wat aan 'n kruis hang, kan red.

Motlatsing Moreki gee haar perspektief op die tema

Wat leer ons uit die Fariseërs se optrede teenoor hierdie vrou oor hulle karakter? Wat-

ter gesindheid behoort ons nie te hê teenoor ons medegelowiges wat worstel met hulle sonde nie?

Hierdie vrou se sonde het haar blootgestel aan die veroordeling van mense. Wat leer ons egter vanuit Jesus se gesindheid teenoor haar?

Dink aan die plekke in jou lewe waar jy worstel met sonde. Watter sekerheid het jy oor hoe ons Here Jesus jou sal ontmoet, wanneer jy ontbloot word in jou sonde?

Nota:

Jesus het hierdie vrou in haar sonde ontmoet. Die vrou se sonde het wrywing veroorsaak in haar verhouding met ander mense, daarom het Jesus haar gevind as iemand wat vervreemd en ontbloot was. Hy het uitgereik na haar te midde van haar skande, met die woorde: "Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie."

Wanneer Jesus ons altyd weer in ons sonde ontmoet, ontbloot Hy ons sonde, sonder om ons te veroordeel. Wanneer ons ons skuld bely skenk Hy aan ons vergifnis en ontvang ons met vreugde. Ons het nodig om te besef dat ons sonde ons lewens verwoes. Ons kan slegs in ons Here Jesus vergifnis, krag en hoop vind.

Mag ons, wanneer ons sonde ontbloot word, lewe in die besef dat ons slegs in Christus lewe kan vind.

Gebedsriglyn – Dank Jesus vir:

- sy *aanvanklike ontmoeting* met jou, toe Hy jou tot geloof in Hom gebring het.
- die wyse waarop Hy jou *konfronteer*, wanneer die Heilige Gees jou tot 'n besef van jou sonde bring.
- die *besef* wat Hy gee, dat jy nie in ontkenning oor jou sonde hoef te leef nie.
- die troos, dat jy nooit alleen is in jou worsteling met jou sonde nie. Hy vernuwe jou tot sy beeld tot sy heerlijkheid en eer. Hy is jou krag en sy genade is genoeg.
- die feit dat Hy deur ons altyd-weer te ontmoet bevestig dat verlossing van God en deur God geskenk word. "Ek is daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom." (Fil. 1:6)



Kleingroepriglyn - Week 2

**Wanneer die Here my altyd-weer in my
SELFGEMAAKTE GODSDIENS ontmoet**



Besluit as groep watter een van die twee Skrifgedeeltes, wat onderskeidelik tydens die oggenddienste of die aanddiens as teksgedeelte gebruik gaan word, julle wil gebruik.

Koppelgedeelte

Laat iemand in die groep die
onderstaande aan die begin van julle
byeenkoms hardop voorlees

Hierdie week fokus ons op die Here wat ons altyd-weer in ons mensgemaakte geloof ontmoet.

Die Christelike godsdiens onderskei hom van die res van alle ander godsdienste daarin dat dit die Evangelie bring dat God mense uit genade, volgens die verdienste van Jesus Christus, red. Alle ander godsdienste is gebaseer op die konsep dat die mens sekere dinge moet doen om homself te red en om sy god gelukkig te maak.

Hierdie kernkonsep – dat God mense uit genade red – is inherent teen die mens se natuur wat self wil god wees en homself daarom wil red. Daarom bly dit selfs vir ons as Christen-mense steeds moeilik om te aanvaar dat ons redding nie deur onself verdien word nie.

Voordat jy jou kan kry, beland ons in dieselfde strik deur selfs ons Christelike godsdiens so te omvorm dat dit weer 'n mensgemaakte en mensuitgewerkte godsdiens word. Op die oog af lyk en voel sodanige godsdiens vir ons reg en word dit ook in die samelewing gunstig aanvaar. Uitdrukkings soos: "Dit is darem 'n groot Christen daardie", "Ek moet net harder probeer" en "Ek moet nader aan die Here kom", het almal die ondertoon daarvan dat ek self my verlossing moet bewerk of ten minste 'n bydrae daartoe moet kan maak.

Tydens ons Here se lewe op aarde het Hy telkens mense in hierdie mensgemaakte godsdiens ontmoet. Ons dink dadelik aan die Fariseërs en Skrifgeleerdes wat vir hulself soveel wette uit die wet van God afgelei het wat hulle moes gehoorsaam en wat

hulle as vereistes aan ander mense gestel het.

Ons kry die tendens tot mensgemaakte godsdiens egter ook in die lewe van die mense wat rondom Jesus geleef het, selfs by sy eie dissipels. Laat ons dus nie te vin-
nig oor ander oordeel nie, maar eerder vanuit die ontmoetings van Jesus met mense
na ons eie selfgemaakte godsdiens kyk.



Met die oog op beide oggenddienste

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op die tradisie-godsdiens van die leiers van daardie tyd. Dit was vir hulle onverstaanbaar dat Jesus se dissipels nie volgens die tradisies en gebruike van die voorgeslagte optree nie.

Met die oog op die aanddiens

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op ryk man wat na die Here toe gekom het met die vraag oor hoe om die ewige lewe te verkry. Dit het egter geblyk dat sy aardse besittings in sy pad gestaan het omdat dit eintlik was waaroor sy lewe gedraai het.



Mag die weer-ontmoeting van Jesus in ons geneigdheid tot mensgemaakte godsdiens, ons oë oopmaak vir die sinloosheid en tevergeefsheid van ons menslike pogings om God te dien en mag die enigste Evangelie van redding deur die genade in Jesus Christus vir ons duidelik wees.

Die dagstukkies hierdie week handel oor die Here wat my altyd-weer ontmoet:

- 2.1. in my status-godsdiens
- 2.2. in my besigwees-godsdiens
- 2.3. in my geldgerigte godsdiens
- 2.4. in my mensgerigte godsdiens
- 2.5. Ruan Steyn gee sy perspektief op die tema



Verhouding met mekaar (15-30 min)

1. Ons word in ons kerkwees baie keer van skynheiligheid beskuldig. Gee jou mening hieroor?
2. Watter rol behoort tradisies en gewoontes in ons diens aan die Here te speel?



Verhouding met die Here (45 min)

Ons met die Here (15 min)

Sing saam tot eer van die Here.

Skrifberyming 2-2:1

Die HEER is God, 'n eenge HEER;
 die HEER is God, en niemand meer.
 Erken dit, alle volke,
 van waar die sonlig smôrens blink
 tot waar dit in die purper sink
 van sagdeurglansde wolke.
 Die HEER is God, want Hy formeer
 die dag en nag wat wend en keer
 na sy verordeninge.
 Hy bring die heil en onheil voort,
 hul luister na sy almagswoord -
 die HEER doen al die dinge.

Skrifberyming 14-2

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie,
 al sou die wingerd sonder druiwe staan;
 die graan verdor,
 die vrugteboorde wegkwyn,
 die beeste, kleinvee,
 alles hier vergaan
 nóg sal ek juig
 en bly wees in my God!
 Hy is my hulp, Hy gee my krag.
 Hy laat my loop
 waar rats die ribbok gaan;
 Hy laat my vas en veilig staan!

Gebedsvoorstel

Doen 'n lofprysings- en dankseggingsgebed waartydens julle ook vra om die verliggende werk van die Heilige Gees in die verstaan en deurwerking van Woord in jul lewens.

Die Here met ons (30 min)

1. Laat iemand die gekose Skrifgedeelte deurlees waarna elkeen 'n geleentheid kry om iets te sê wat hom of haar uit die gedeelte GETREF het, in die besonder oor die tema van selfgemaakte godsdiens. Die stelling moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
2. Laat iemand anders dieselfde gedeelte weer lees en gee geleentheid vir elkeen in die groep om 'n VRAAG uit die gedeelte te vra, in besonder oor die tema van selfgemaakte godsdiens. Die vraag moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
3. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
4. Stuur die vrae, sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos aan die betrokke predikant deur. (Die week se oggenddienste ds. Fanie en aanddiens ds. Willem.)

Die groep kan self die liedere kies
 of die volgende gebruik.
 Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.

Skrifgedeeltes:
 Oggenddienste: Markus 7:1-13
 Aanddiens: Markus 10:17-31

5. Indien daar nog tyd oor is, kan die ander teksgedeelte ook behandel word.



Verhouding met die (15 min)
wêreld en skepping

1. Identifiseer as groep die, vir julle, drie grootste versoekings van ons tyd wat ons wil wegtrek van die Evangelie van verlossing deur Jesus Christus alleen.
2. Waarin het ons as gemeente reformasie of selfs bekering in die praktyk van ons kerkwees nodig?



Dagstukkies - Week 2

**Wanneer die Here my altyd-weer in my
SELFGEMAAKTE GODSDIENS ontmoet**



Dagstukkies 2-1

**Skrifdeel:
Markus 10:35-45**

Fokusvers: Markus 10:45

In my STATUS-GODSDIENS

Dit werk so anders in die koninkryk van God as in die wêreld. "Wie eerste is sal laaste wees en wie laaste is eerste" (Matt. 19:30). "Wie nie soos 'n onbelangrike kindjie word nie, sal nie die koninkryk van God beërwe nie" (Matt. 18:4).

Dit is so maklik om, selfs al ken jy die Evangelie, te verval in 'n godsdiens wat eintlik maar net daarop gerig is om aan jou 'n gevoel van belangrikheid te gee. Luister maar hoe praat ons as Christene onder mekaar: "Die of daardie persoon is 'n goeie Christen" of "Hierdie persoon is 'n baie beter Christen as ek." Luister maar na wat soms op begrafnisse van mense gesê word.

Selfs Jesus se dissipels het onder mekaar gestry oor wie aan die regterhand of linkerhand van Jesus sal sit. Hul persepsie was nog dat Jesus 'n aardse koninkryk sou oprig en hulle sou baie graag die twee ereposisies langs Hom as Koning wou hê.

Wanneer die ander dissipels hoor wat Jakobus en Johannes vra, dan is hulle verontwaardig. Agter hul verontwaardiging lees ons dat hulle ook maar nie daarvan hou om die minste te wees nie.

In hierdie voortdurende stryd kom ontmoet die Here hulle – en ook ons – deur vir ons die wese van die Christelike godsdiens te kom leer: "Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense" (v. 45).

Ontmoetingsvraag

In watter mate is my diens aan die Here deur my natuurlike begeerte om vir myself 'n beter posisie voor God en voor ander mense te verwerf, gemotiveer?

Die Evangelie is dat Jesus Christus homself gegee het en homself verneder het ter wille van ons sondige mense. Ons word deur sy genade gered en nie omdat ons beter as ander is nie. Die doel daarvan is die verheerliking van God.

Daarom is die vraag nie wie die belangrikste of die hoogste of die eerste is of sal wees nie. Ook die heerlikheid wat ons sal ontvang sal 'n genadeloon van God wees omdat Jesus Christus homself verneder het sodat ons verhoog sal kan word.



Dagstukkies 2-2

Skrifdeel:
Lukas 10:38-42

In my besigwees-godsdiens

Fokusvers: Lukas 10:40-42

Ons ken almal die Martha's van die lewe. Hulle is Christene wat doen. Wat ander bokant hulleself stel en tyd opoffer om ander te help.

Natuurlik is daar niks mee verkeerd om ywerig in die diens van die Here te lewe, om gasvry en toegewyd en diensbaar te wees nie. Dit is prysenswaardige eienskappe en dit word van elke gelowige verwag.

Die probleem kom in wanneer dit wat ek DOEN die belangrikste deel van my godsdiens word. Al te maklik word my dade die bepalende faktor van my geloof. Hoe meer ek doen hoe beter is ek voor die Here. Wanneer ek meer as ander doen, voel ek goed of selfs meerderwaardig teenoor die een wat minder as ek doen.

Martha kon nie verstaan waarom haar suster Maria daardie dag met Jesus se besoek aan hulle, nie wou help nie maar eerder by Jesus se voete gesit en luister het. Wanneer sy Jesus vra om Maria tereg te wys, ontmoet Jesus haar en ontbloot hy by haar 'n godsdiens wat bepaal was deur haar dade.

Ons ken almal die cliché: "Moenie so besig wees met die dinge van die Here dat jy nie by die Here van die dinge uitkom nie." Dit bly so 'n belangrike waarheid in ons verhouding met die Here. Om by sy voete te sit en te ontvang wat Hy aan ons bedien – sy opoffering en sy lewe – beteken baie meer as wat ons vir Hom doen.

Natuurlik volg dade en kan geloof ook nie sonder dade nie, maar dan moet die dade uit reaksie van dankbaarheid plaasvind.

Ontmoetingsvraag

Gaan dit in my godsdiens oor wat ek vir die Here doen of wat die Here vir my gedoen het?

Per slot van rekening is dit die goeie nuus van Jesus Christus. Die waarde van ons godsdiens word nie bepaal deur alles wat ons vir die Here doen nie, maar deur wat Jesus Christus vir ons gedoen het. Wie die volgorde omkeer is nog steeds besig met mensgemaakte godsdiens.

In my geldgerigte godsdiens

Die geskiedenis lê besaai met voorbeelde van mense uit die Christelike godsdiens wat geld wou maak. Ook in die briewe van Paulus lees ons telkens van rondreisende predikers wat op winsbejag uit was.

Ontmoetingsvraag

Watter finansiële voordeel is daar vir my in om die Here te dien?

Ek wonder baie oor Judas, die dissipel van die Here wat hom sou verrai. Wat was sy motief waarom hy Jesus gevolg het? Natuurlik is die saak van Judas nie eenvoudig nie, maar in die gebeure rondom die vrou wat Jesus se voete gesalf het, word dit duidelik dat geldelike gewin deel daarvan was. Jesus ontmasker hom wanneer hy kwansuis die vrou aanspreek omdat sy duur self gemors het. Onder die skyn van liefdadigheid lê egter die ware motief – selfverryking. Judas het die dissipels se beurs gedra en word openlik as 'n dief beskryf. Hy sou selfs ter wille van geld die Messias met 'n soen verrai.

Miskien voel jy of die ontmoeting van die Here met Judas niks met jou te make het nie. Hopelik is dit so, maar tog ontbloot die verhaal 'n diepe begeerte van mense om tog deur hul godsdiens voorspoediger te kan wees. Op een of ander manier wil ons graag hê dat ons diens aan die Here vir ons voorspoed moet bring – ook fisiese voorspoed.

Die beloftes van die Here dat Hy vir ons sal sorg word maklik omgeskakel in die motief van ons godsdiens. Gebede rondom finansiële voorspoed, bevordering by die werk, suksesvolle studies ensovoorts word al te maklik te belangrik in ons godsdiens. Self die grote van my kerklike dankoffer kan inherent 'n middel word waardeur ek meen dat ek God eintlik moet 'omkoop' om meer te kan ontvang.

Die Here beloof dat Hy vir ons sal sorg, maar dan lê dit in 'n verhouding waar ek reeds deur Jesus Christus skatryk voor God geword het en waar die koninkryk van God en sy geregtigheid die gerigtheid van die godsdiens is (Matt. 6:32, 2 Kor. 8:9).

In my mensgerigte- godsdiens

Ons as mense sukkel om nie te toe te laat dat die mening en invloed van ander mense ons optrede bepaal nie. So kan dit selfs wees dat 'n mens se hele godsdiens eintlik

Ontmoetingsvraag

Met watter motief bid ek,
gee ek geld vir armes en woon ek
eredienste by?

net 'n menslike spel is wat die regte mense
tevrede hou.

Skyngodsdiens was iets wat ons Here in baie
van sy ontmoetings met mense ontmasker
het.

Tydens sy bergpreek noem die Here drie
godsdienstige praktyke wat opsigself prysenswaardig is, naamlik om armes te help,
om te bid en om te vas. Telkens beskuldig Hy die Fariseërs daarvan dat hulle dit net
doen om in die openbaar raakgesien te word.

Sulke godsdienstige handeling is eintlik geen godsdiens nie, omdat dit nie uitge-
voer word om God daardeur te dien nie. Dit is eintlik mensdiens – inderwaarheid niks
anders nie as selfdiens.

Dit gaan oor die motief waarom jy godsdiens beoefen. Dit gaan oor die 'hoekom' van
dit wat jy doen.

Hoewel die Here in die bergpreek spesifiek daarop wys dat die motief van die Fariseërs
is om deur mense raakgesien te word, sou dit selfs ook moontlik wees dat die motief
van ons godsdienstige handeling is om deur God raakgesien en geprys te kan word.
In wese is die motiewe dieselfde, naamlik dat ek geprys kan word, of dit nou deur
mense of deur God is. In beide gevalle bly dit godsdiens ter wille van myself.

Die Evangelie is egter dat ek niks kan of hoef te doen om in die oë van God aanvaar-
baar te word nie. Wie in Jesus Christus glo, is aanvaarbaar gemaak en 'n kind van God.
Vanuit dié verhouding doen die gelowige goeie dae. Goeie dae wat gebed en ver-
sorging van armes en vas sou kon insluit.

Die motief vir ons dae moet wees uit reaksie op wat Jesus Christus vir jou gedoen
het. Die motief vir my dae moet wees dat God verheerlik word deur wat ek doen. Die
motief vir my dae moet GODSdiens wees, en nie mensediens nie.



Dagstukkie 2-5

Skrifdeel:
Joh. 14:1-14

Fokusvers: Johannes 14:6

Ruan Steyn gee sy perspektief op die tema

"Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur
My nie."

Ons hoor gereeld dat mense sê: "Al die gelowe is dieselfde; Jesus is lief vir ons en
daarom wil Hy hê dat almal gered moet word," of "Al die verskillende godsdienste lei
na God". Hierdie siening is niks anders nie as 'n selfgemaakte godsdiens. 'n Godsdiens

wat by ons idees inpas. 'n Godsdienst wat ons beter laat voel.

Die prentjie wat in die Bybel geskets word, is heeltemal anders as hierdie selfgemaakte godsdienst. In Johannes 14:6 lees ons dat Jesus vir sy dissipels gesê het: "Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Met ander woorde, Jesus sê vir sy dissipels dat daar geen verlossing buite Hom is nie. Hy is die Middelaar tussen ons en God. Net Hy kan vir ons verlossing bring.

Wanneer ek hierdie gedeelte lees, dan besef ek net weer dat God regverdig is, maar ook genadig. Watter ander godsdienst bely dat hul god regverdig en genadig is? As ons na Islam kyk, dan is hul god net 'regverdig' en hy moet straf. Moslems word nie deur hul geloof gered nie, maar deur hul werke. Hulle herken nie Christus as die Seun van God en as die Verlosser nie. Elke keer wanneer ek met Moslems praat, dan is ek hartseer. Ek is hartseer, want hulle glo nie in die Blye Evangelie nie. Ek is hartseer, want die Blye Evangelie wat die kerk moet verkondig, het nog nie by hulle uitgekóm nie.

Ontmoetingsvraag

Hoe beïnvloed die wete dat Jesus Christus die enigste Weg, Waarheid en Lewe is, jou optrede teenoor die Moslem-mense op die Bult?

GK Die Bult se roeping is juis om die Blye Evangelie in, op en oor die Bult te verkondig. Dit gaan onmoontlik wees as ons nie self glo dat Jesus Christus die Weg, die Waarheid en die Lewe is nie. Wanneer ons die Blye Evangelie verkondig, dan moet ons self glo en bely dat daar geen verlossing buite Jesus Christus is nie. In my selfgemaakte godsdienst, in my besigwees-godsdienst, in my geldgerigte godsdienst en in my mensgerigte godsdienst moet ek stilstaan en weer besef dat Jesus Christus die Weg, die Waarheid en die Lewe is. Hy is ons Verlosser. Net Hy alleen!



Kleingroepriglyn - Week 3

Wanneer die Here my altyd-weer in my MENSlike BEPERKINGS ontmoet



Besluit as groep watter een van die twee Skrifgedeeltes, wat onderskeidelik tydens die oggenddienste of die aanddiens as teksgedeelte gebruik gaan word, julle wil gebruik.

Koppelgedeelte

Laat iemand in die groep die onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees

Hierdie week fokus ons op die Here wat ons altyd-weer in ons menslike beperkings ontmoet.

Menslike beperkings is so ingewef in ons lewe aan hierdie kant van die wederkoms van ons Here Jesus. Sommige van ons kom net sporadies te staan voor die fisieke swaarkry en beperkings van hierdie lewe. Sommige van ons leef op 'n daaglikse – en soms traumatiese – wyse saam met die realiteit van ons menslike beperkings soos siekte, gestremdheid en selfs ouderdom.

Dalk besef ons nie elke dag – veral as ons nog jonk en redelik sorgeloos is – hoe duidelik sigbaar die gevolge van 'n sondegebroke wêreld in ons lewe is nie. Ons lewe met hierdie beperkings saam, so asof dit normaal is. Ons vergeet dat ons nie geskep is as ingeperkte mense nie; ons het ná die sondeval ingeperk geword. Ingeperk in hoe ons ons emosies en denkwyse kan beheer; ingeperk in ons fisieke vermoëns; ingeperk in hoe ons saam met ander mense leef.

'n Deel van die wonder van die verlossing wat ons Here Jesus bring, is dat Hy nie net geestelike nie, maar ook fisieke verlossing bring. Tydens ons Here Jesus se lewe op aarde het Hy deur wonderwerke ingegryp in die menslike beperkings wat mense beleef het. Elkeen van die genesings het bevestig dat ons Here Jesus Christus werklik die Seun van God is. Hy is Here oor alles – oor die geestelike én fisieke dele van ons lewe.




Met die oog op beide oggenddienste

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op hoe ons Here Jesus 'n blindgebore man in sy menslike beperking ontmoet en genees. So openbaar ons Here Jesus Homself as die Lig vir die wêreld.

Met die oog op die aanddiens

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op die genesing van 'n man by die bad van Betesda. Waar hierdie man sy lewe lank gewag het om genesing te vind, vind die Geneesheer hom.



Mag ons deur die weer-ontmoeting van Jesus in ons menslike beperkings troos beleef in die wete dat ons hoop op 'n dag wanneer ons Here Jesus self 'n einde gaan kom maak aan ons swaarkry (Op. 21:4).

Hierdie week se dagstukkies handel oor hoe ons Here Jesus my altyd-weer in my menslike beperkings ontmoet:

- 3.1. sonder om van my 'n spektakel te maak
- 3.2. sodat die werke wat Hy doen in my gesien kan word
- 3.3. om vir my 'n nuwe identiteit te gee
- 3.4. maar my nie genees nie
- 3.5. Thea Harmse gee haar perspektief op die tema



Verhouding met mekaar (15-30 min)

1. Hoe beleef jy menslike beperkings in jou eie lewe?
2. Watter rol behoort ons medegelowiges te speel in hoe ons met mekaar en ons menslike beperkings saamleef?



Verhouding met die Here (45 min)

Ons met die Here (15 min)

Sing saam tot eer van die Here.



Die groep kan self die liedere kies of die volgende gebruik.
Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.

Lied 464:1

O Heer my God,
as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
die son en maan,
die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou ...
Dan moet ek juig,
my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit
saam: hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Gebedsvoorstel

Doen 'n lofprysings- en dankseggingsgebed waartydens julle ook vra om die verliggende werk van die Heilige Gees in die verstaan en deurwerking van die Woord in julle lewe.

Die Here met ons (30 min)

1. Laat iemand die gekose Skrifgedeelte deurlees waarna elkeen 'n geleentheid kry om iets te sê wat hom of haar uit die gedeelte GETREF het, in die besonder oor die tema van hoe Jesus ons ontmoet in ons menslike beperkings. Die stelling moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
2. Laat iemand anders dieselfde gedeelte weer lees en gee geleentheid vir elkeen in die groep om 'n VRAAG te vra uit die gedeelte, in besonder oor die tema van hoe Jesus ons ontmoet in ons menslike beperkings. Die vraag moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
3. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
4. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos aan die betrokke predikant deur. (Die week se oggenddienste ds. Willem en aanddiens ds. Fanie.)
5. Indien daar nog tyd oor is, kan die ander teksgedeelte ook behandel word.

Sb 17-1:1, 6

Wees nie besorgd nie oor jul lewe,
oor wat die harte neerwaarts trek:
“Wat sal ons eet, waar vind ons laafnis?
Wie skaf die kleed wat ons moet dek?”
Is lewe^en liggaam dan nie meer nie
as alles wat net kommer wek?

Soek eers die koninkryk der heemle
en Gods geregtigheid; dan laat
Hy seën druppel uit die hemel –
vir elke dag die dag se maat.
Want elke dag dra self die sorge
vir elke dag se nuwe kwaad.

Skrifgedeeltes:

Oggendienste: Johannes 9:1-12

Aanddiens: Johannes 5:1-17



Verhouding met die wêreld en skepping (15 min)

1. Identifiseer as groep maniere, of geleenthede, waar ons mekaar in ons menslike beperkings kan ondersteun en bemoedig.
2. Waarin het ons as gemeente reformasie of selfs bekering nodig in hoe ons mekaar se menslike beperkings hanteer?



Dagstukkies - Week 3

Wanneer die Here my altyd-weer in my MENSLIKE BEPERKINGS ontmoet



Dagstukkies 3-1

Skrifdeel:
Markus 7:31-37

Wanneer die Here my altyd-weer in my menslike beperkings ontmoet, sonder om van my 'n spektakel te maak.

Die mense het 'n doofstom man na Jesus toe gebring sodat Hy 'n hand op hom kon lê. Die mense was op soek na nog 'n wonderwerk. Hulle wou nóg van die sensasie beleef wat Jesus veroorsaak het.

Tog genees ons Here Jesus nie hierdie doofstom man daar voor almal nie. "Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af" (Mark. 7:33a). Ons Here Jesus het nie toegelaat dat die mense 'n spektakel maak van hierdie man se fisieke beperking nie. Wat Hy doen, doen Hy nie ter wille van die skare nie, maar eerder ter wille van die man wat die fisieke swaarkry beleef.

Ons Here Jesus se optrede teenoor hierdie doofstom man is intiem en persoonlik. "Hy het sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer" (Mark. 7:33b). Ons Here Jesus, wat maar net 'n woord kon spreek om die man te genees, kies om hom aan te raak soos, sekerlik, niemand hom nog ooit aangeraak het nie.

Nog meer, ons Here Jesus het gesug – gekreun – voordat Hy gesê het: "Effata! Dit beteken: Gaan oop!" (Mark. 7:34). Die genesing wat ons Here Jesus aan hierdie man

geskenk het, is gegrond op die feit dat Hy ook hierdie man se sonde en gebrokenheid op Homself neem. In ons Here Jesus se sug kan ons reeds die voorloper van sy finale lyding aan die kruis hoor en sien.

In die fisieke beperkings wat jy beleef, is daar die troos dat ons Here Jesus nie jou swaarkry gebruik om Homself voor die skares groot

Ontmoetingsvraag

Hierdie ontmoeting met ons Here Jesus bring jou voor die vraag: Watter troos vind jy in die feit dat ons Here Jesus jou persoonlik ontmoet in jou menslike beperkings?

te laat lyk nie. Hy staan ook nie koud of afsydig teenoor jou fisieke swaarkry nie. In-teendeel, ons Here Jesus is ons Verlosser wat ook ons fisieke gebrokenheid op Homself geneem het. Hy is gekruisig ook ter wille van j^ou fisieke beperkings. Hy het opgestaan uit die dood sodat jy 'n vaste hoop op genesing en fisieke volmaaktheid kan hê.



Dagstukkies 3-2

Skrifdeel:
Johannes 9:1-12

Wanneer die Here my altyd-weer in my menslike beperkings ontmoet sodat die werke wat Hy doen in my gesien kan word.

Dis deur die sondeval van die mens dat die dood en, daarmee saam, elke vorm van fisieke swaarkry in die lewe in gekom het. Binne hierdie verstaansraamwerk kom die dissipels na ons Here Jesus toe met die vraag oor wie se sonde verantwoordelik is vir die feit dat die man blind gebore is.

Soos ek en jy ook soms maak, wil die dissipels hierdie blindgebore man se lewensomstandighede probeer verstaan deur die skuldige- of verantwoordelike persoon aan te wys. Die redenasie is dat as ons weet watter sonde daartoe aanleiding gegee het, ons mos kan verstaan waarom die man blind gebore is. Tog is hierdie denkwyses vals: Selfs al sou ons 'n spesifieke sonde kon aanwys as oorsaak vir ons swaarkry, beteken dit nie dat ons dan sou kon verstaan waarom ons juis die spesifieke swaarkry ontvang het nie.

In hierdie ontmoeting met ons Here Jesus red Hy ons van só 'n moedelose denkwyses deur te sê: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien kan word" (Joh. 9:3).

Aan die een kant is daar troos in die wete dat jou fisieke beperking en swaarkry nie God se straf op jou of iemand anders se sonde is nie. As gelowiges kan ons juig oor die feit dat ons Here Jesus aan die kruis in ons plek die straf vir al ons sonde gedra het. So kom ons by die ander kant van die troos dat God selfs ons fisieke beperkings – wat eintlik net moes uitloop op die dood – kan gebruik om die werke wat Hy doen in ons lewe aan die lig te laat kom.

Ontmoetingsvraag

Hierdie ontmoeting met ons Here Jesus bring jou voor die vraag: Hoe kom die werke wat God doen aan die lig in die fisieke beperkings wat jy beleef?

Ons Here Jesus is die Lig vir die wêreld. Hy is die Een wat gestuur is sodat die lig van God se reddende genade oor my en jou lewe kan straal. So word ons fisieke beperkings nie meer net tekens van 'n sondegebroke wêreld nie, maar eerder tekens van ons Here Jesus se reddende genade.



Ontmoetingsvraag

Hierdie ontmoeting met ons Here Jesus bring jou voor die vrae: Watter van die menslike beperkings wat jy beleef, dreig om jou identiteit te bepaal? Hoe bepaal ons Here Jesus jou nuwe identiteit?

Wanneer die Here my altyd-weer in my menslike beperkings ontmoet om vir my 'n nuwe identiteit te gee.

Hierdie vrou is naamloos in die vertelling. Ons weet eintlik net van haar siekte. Sy het al vir 12 jaar aan die siekte gely en daar was menslik gesproke geen uitkoms nie: die dokters kon haar nie genees nie. Inteendeel, ons lees: "Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan

bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger" (Mark. 5:26). Die vrou wou aan Jesus se klere raak, "want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word" (Mark. 5:28).

'n Deel van die wonder van hierdie gebeure is dat ons Here Jesus nie toelaat dat dié vrou sommer maar net so naamloos in die verbygaan genees word nie. Die oomblik wanneer sy aan ons Here Jesus raak, besef sy dat sy genees is – "die bron van haar bloedvloeiing het opgedroog". "Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het" (Mark. 5:30). Natuurlik het Hy geweet – want Hy is self God – en wat hier gebeur het, is nie sommer maar net 'n onbeplande vertoning van mag nie.

Toe hierdie vrou aan ons Here Jesus kom raak het, het sy heel moontlik gedink of gehoop dat sy stilletjies genees kan word sodat sy kon aangaan om haar lewe te leef soos voordat sy siek geword het. Maar wat ons Here Jesus doen – die verlossing wat Hy bring – is soveel groter as bloot net 'n fisieke genesing.

Nou is hierdie vrou nie meer naamloos nie, en wie sy is, word ook nie meer bepaal deur haar siekte nie. Sy het nou 'n nuwe identiteit; sy is nou deel van die huisgesin van God. Daarom kan sy nou in vrede verder gaan met die wete dat niks ooit weer hierdie identiteit van haar kan verander nie. Sy het gehoop om genees te word; die Gees het haar die moed gegee om aan ons Here Jesus se klere te raak; so is sy deur haar geloof genees – en nou bevestig ons Here Jesus dat sy vir ewig genees is wanneer Hy sê: "Wees vir goed van jou kwaal genees!" Hierdie vrou hoef nooit weer skaam te kry oor wie sy is nie.

Wanneer die Here my altyd-weer in my menslike beperkings ontmoet, maar my nie genees nie.

Ons leef soms so maklik asof ons net hierdie aardse lewe het om na uit te sien. Dis eenvoudig menslik. Tog sê Paulus: "As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense" (1 Kor. 15:19). As Christene het ons die hoop dat ons tydelike aardse lewe sal oorgaan na die volmaakte en ewige by ons hemelse Vader. Ons is deur Christus bevry van die dood en hierdie hopelose lewe.

Ontmoetingsvraag

Hierdie ontmoeting met ons Here Jesus bring jou voor die vraag: Hoe beïnvloed die wete dat ons ewig gaan lewe jou denke oor die huidige menslike beperkings wat jy beleef?

Marta en Maria het geleef nog voor ons Here Jesus se kruisdood en opstanding. Hulle het in ons Here Jesus geglo. Marta kon bely: "Ja Here, ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom" (Joh. 11:27). Maar steeds het die dood vir hulle die onoorwinbare vyand gebly. Beide die susters sê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie" (Joh. 11:21, 32). Hulle glo dat ons Here Jesus vir Lasarus kon genees, maar Hy moes hom genees voordat hy gesterwe het.

Soveel van ons leef met groot swaarkry rakende fisieke beperkings in hierdie lewe. Fisieke beperkings waarin ons Here Jesus ons altyd-weer ontmoet, selfs al kies Hy om nie vir ons liggaamlike genesing te gee nie. Wat 'n hopelose situasie sou dit nie gewees het as ons Here Jesus nie die Lewe en die Opstanding was nie – as ons nie in Hom hoop kon vind wat strek tot anderkant die graf nie?

"Toe Jesus dit hoor [dat Lasarus siek is], het Hy gesê: 'Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word'" (Joh. 11:4). Wat 'n wonderlike troos dat ons in Christus sal lewe, selfs al sterwe ons sonder fisieke genesing in hierdie lewe.

Thea Harmse gee haar perspektief op die tema**Jesus Christus ontmoet my in my menslike beperkings : Almal het beperkings**

Christus sê vir die dissipels dat die blinde man se beperkte sig nie 'n gevolg van sonde

is nie, maar dat dit so aan hom toegedeel is “sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word” (Joh. 9:3). Dit is amper of hulle die blinde man veroordeel: dit moes iets gewees het wat hy of sy ouers gedoen het wat blindheid oor sy pad gebring het. Ook die verlamde man wat op die sabbatdag genees is, word veroordeel: “Die Jode sê toe vir die man wat genees is: Dit is ‘n sabbatdag; jy mag nie jou goed dra nie” (Joh. 5:10).

Beide die dissipels en die Jode mis die boodskap heeltemal, want in albei tekste wys Christus dat mense wat uit geloof gehoorsaam is aan sy eise (ten spyte van hul beperkings) genees word. Die verlamde man moes sy goed optel en loop (Joh. 5:8); die blinde man moes sy oë by die Siloambad gaan was (Joh. 9:7). Christus het hulle in hul menslike beperkings ontmoet; hulle het geglo en was daarom gehoorsaam aan sy eise, en gevolglik het Christus hulle genees. Hy het ook deur hulle ander mense bereik vir God se koninkryk. Moet dus nie net na ander kyk asof hulle (die gestremdes, die bejaardes, die armes, ens.) dié met beperkings is nie – almal van ons het beperkings. Ons kan net gehoorsaam wees aan God wanneer ons daardie beperkings (gestremdheid, siekte, armoede, beperkte tyd, geld, ens.) as ons eie aanvaar en besef Jesus kom ontmoet ons daarin sodat Hy ons kan genees – en sodat Hy ander mense ook daardeur vir sy koninkryk kan bereik.

Almal is in diens van die Here

God self werk hard om sy heerlikheid in die wêreld te versprei en ons te genees. Alle eer kom Hom toe. Ons is almal in diens van die Here om Hom te verheerlik. Gaan lees gerus self wat Johannes 5:17 en Johannes 9:4-5 hieroor sê. Die Westminster Shorter Catechism se eerste vraag is: *What is the chief end of man?* Die antwoord: *Man's chief end is to glorify God and enjoy Him forever* (www.reformed.org/documents/wsc/index).

Ons moet dus juis in ons beperkings oplettend wees en raaksien dat Jesus daardie beperkings vir ons gee sodat ons hoofdoel in die lewe kan wees om God te verheerlik en Hom te beleef as die wonderlike, genoegsame God wat Hy is.

Hy was self beperk tot ‘n menslike liggaam, ‘n swaar lewenspad en ‘n kruisdood. Tog kon dit Hom nie keer om sy wil te laat geskied nie. Hy het die dood oorwin sodat Hy ons van ons beperkings kan genees.

Wees diensbaar binne jou beperkings omdat God se heerlikheid vir jou belangrik is. Mag ons nie deur selfgerigtheid verbitterd raak nie, maar ons gebrekkige energie en aandag daarop rig om God te verheerlik.



Kleingroepriglyn - Week 4

**Wanneer die Here my altyd-weer in my
GELOOFSWORSTELING ontmoet**



Besluit as groep watter een van die twee Skrifgedeeltes, wat onderskeidelik tydens die oggenddienste of die aanddiens as teksgedeelte gebruik gaan word, julle wil gebruik.

Koppelgedeelte

Laat iemand in die groep die onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees

Genadiglik los die Here ons nie wanneer ons tot geloof gekom het nie. Hy ontmoet ons nie net wanneer ons tot geloof kom of selfs net tydens spesiale geleenthede nie.

Deur sy Gees woon Hy in ons en deur sy Woord ontmoet Hy ons weer en weer. Hoewel geloof 'n onverdiende gawe van God is, is om te glo terselfdertyd ook 'n opdrag aan elkeen wat in die geloof lewe. Juis daarom beleef ons nie die geloofspad as eenvoudig, glad en reguit nie.

Soms kom kruip twyfel in ons harte in. Soms, veral wanneer daar krisisse op ons pad kom, begin ons vrae vra omdat ons nie alles sien en verstaan nie. Soms beleef ons bloot 'n onvermoë om werklik te kan glo, veral wanneer die werklikheid van die gebroke bestaan teen die geloofswerklikheid skreeu. Soms lyk die beloftes van die Here net te ver en te groot om werklik te wees in ons lewens.

Dit is opvallend dat die Here tydens sy lewe op aarde al baie moeite gedoen het om sy volgelinge in hulle geloof te versterk en selfs aan te spreek wanneer hulle begin twyfel het. Deur by van hierdie ontmoetings stil te staan, is dit ons bede dat die Here deur sy Woord ons sal bemoedig en vermaan soos wat nodig is.



Met die oog op die oggenddienste

Die kleingroepbyeenkoms fokus op die dramatiese gebeure waar Jesus die eerste keer na sy opstanding vir Thomas in sy kleingeloof ontmoet en oortuig dat Hy werklik

uit die dood uit opgestaan het.

Met die oog op die aanddiens

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op die pa wie se seun deur 'n bose gees besete was en wat vir Jesus kom vra het hom gesond te maak. Die pa se woorde: "ek glo, help my in my ongelooft" is al deur soveel gelowiges nagesê.



Die dagstukkies hierdie week handel oor: Wanneer die Here my altyd-weer ontmoet...

- 4.1. in my twyfel of Hy teenwoordig is;
- 4.2. in die storms van my lewe;
- 4.3. in my doellose moedeloosheid asof Jesus nie uit die dood opgestaan het nie;
- 4.4. in my ingewikkelde grootmensgeloof; en
- 4.5. Ina Hoogenboezem gee haar perspektief op die tema.



Verhouding met mekaar (15-30 min)

1. In watter mate mag ons praat van geloofsworstelinge? Is dit reg om geloofsworstelinge te hê? Is dit reg om nie geloofsworstelinge te hê nie?
2. Waarmee worstel jy in jou geloof met die Here of waarom dink jy worstel mense in hulle geloof teenoor die Here?



Verhouding met die Here (45 min)

Ons met die Here (15 min)

Sing saam tot eer van die Here.

Psalm 130

130:1

Uit dieptes, gans verlore,
van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore
in wan hoop my vergaan;
uit diep van donker nagte
roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte
tog opklim in u oor!

130:2

As U, o HEER, die sonde
na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde
voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing
altyd by U gewees;
daarom word U met bewing
reg kinderlik gevrees.

130:3

Soos een wat op die mure
as wagter uitgestel,
gedurig deur die ure
met sy gedagte tel -
so wag my siel, en sterker,
gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker,
die nag in daagraad keer.

Die groep kan self die liedere kies
of die volgende gebruik.
Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.

Psalm 42

1. Heer, ek smag na U wat lewe
soos 'n dier na water smag.
ek wil my na U begewe.
Heer, hoe lank moet ek nog wag?
Trane stort ek dag en nag;
heeldag word ek uitgelag:
"Staan jou Here jou nie by nie?
Sien jou God jou dan nie ly nie?"

3. Waarom twyfel, waarom kerm ek,
waarom is ek so oorstelp?
Loof die Heer, Hy sal my optrek,
uit bedruktheid my weer help.
Hoe neerslagtig ook, ek weet
tot my hulp is hy gereed;
en hoe diep ook neergeboë,
op my God rig ek my oë.

Gebedsvoorstel

Doen 'n lofprysings- en dankseggingsgebed waartydens julle ook vra om die verlig-
tende werk van die Heilige Gees in die verstaan en deurwerking van Woord in julle
lewens.

Die Here met ons (30 min)

Skrifgedeeltes:
Oggenddienste: Johannes 20:26-31
Aanddiens: Markus 9:14-29

1. Laat iemand die gekose Skrif-
gedeelte deurlees waarna elkeen 'n geleentheid kry om iets te sê wat hom of haar
uit die gedeelte GETREF het, in die besonder oor die tema van geloofsworsteling.
Die stelling moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
2. Laat iemand anders die gedeelte weer lees en gee geleentheid vir elkeen in die
groep om 'n VRAAG te vra uit die gedeelte, in besonder oor die tema van ge-
loofsworsteling. Die vraag moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
3. Bespreek dan die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
4. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos
aan die betrokke predikant deur. (Die week se oggenddienste, ds. Fanie, en aand-
diens, ds. Willem.)
5. Indien daar tyd oor is, kan die ander Skrifgedeelte ook behandel word.



Verhouding met die (15 min) wêreld en skepping

1. Dink aan die beloftes van die Here wat van toepassing is op julle worstelinge soos
wat julle dit in *Verhouding met mekaar*, vraag 1 geformuleer het.
2. Hoe dink julle moet die wete van 'n nuwe wêreld waarop daar geen pyn en tranes
sal wees nie, ons lewe te midde van swaarkry in en rondom ons beïnvloed?



Dagstukkies - Week 4

**Wanneer die Here my altyd-weer in my
GELOOFSWORSTELING ontmoet**



Dagstukkies 4-1

**Skrifdeel:
Joh. 11:17-32**

Fokusverse: Johannes 11:21, 32 en 25

In my twyfel of Hy teenwoordig is

Martha en Maria was die twee susters van die afgestorwe Lasarus. Hulle drie het 'n baie noue band met Jesus gehad omdat hy en sy dissipels dikwels by hulle in Betanië oorgebly het wanneer hy besoek aan Jerusalem gebring het.

Toe Lasarus ernstig siek geword het, het hulle 'n boodskapper na Jesus en die dissipels gestuur waar hulle in Galilea was. Jesus het egter nie gekom nie en Lasarus was nou al vier dae oorlede.

"Here, as u hier was, sou my broer nie gesterwe het nie." Dit is die groetwoorde van beide Martha en Maria wanneer hulle Jesus met sy aankoms ontmoet. Hulle moes baie hieroor gepraat het. Hulle het geglo dat Jesus die Christus was (v. 27) maar sy afwesigheid was vir hulle onverstaanbaar. Hoekom het Hy nie vroeër gekom nie? Dit is nie maklik om die emosionele toon agter die woorde te bepaal nie. Beskuldigend? Verwytend? Vraend? Versugtend?

Hoe ook al. Jesus se antwoord gee perspektief op hulle groetwoord: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in my glo sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat in my glo sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?" (Joh. 11:25)

Miskien bid jy en vra jy die Here om oor iets in jou lewe in te gryp sonder dat die Here skynbaar antwoord. Hy voel so ver en onbereikbaar. Sy tyd is so anders as jou tyd.

Luister dan weer na Jesus se antwoord. Hulle maak die stelling: "As U hier was...". Jesus ant-

Ontmoetingsvraag

Hoe verander geloof in die teenwoordigheid van die lewende Jesus jou perspektief op die dood van 'n geliefde?

woord: "Ek is..." Na sy Goddelike natuur het Hy alles geweet en was Hy teenwoordig. Hy het nie dadelik ingegryp nie, want Hy moes Homself openbaar as die Een wat die dood aan die kruis gaan oorwin. Die Een wat deur die kruis dit sou moontlik maak dat ons in 'n lewende verhouding met God sou kon lewe.

Ons word opgeroep om in die geloof te lewe dat Jesus Christus teenwoordig is en weet wat in ons lewe aangaan. Nou as verheerlikte Here wat die dood oorwin het en opgevaar het na die hemel. Hy is na sy Goddelike natuur nie net naby jou nie, maar jy is in Hom. Hy het sy Heilige Gees gestuur om altyd in jou te woon.

Jesus ontmoet jou te midde van jou gevoel van verlatenheid. Moenie twyfel nie! Jesus is...! Glo dit! Selfs al voel dit asof Hy nie by jou is nie.



Dagstukkies 4-2

Skrifdeel:
Lukas 8:22-25

Fokusvers: Lukas 8:25

In die storms van my lewe

Die lewensboot van die gelowige seil nie altyd net in kalm waters nie. Ons lewe in hierdie gebroke werklikheid en buitendien is die Here se beloftes nie dat alles net altyd menslik voorspoedig sal gaan nie. Inteendeel, as gelowiges kan ons verwag dat ons geloof selfs beproef en gelouter sal word. (1 Petr. 1:6,7)

Ons ontmoet Jesus en sy dissipels op 'n klein skuitjie op die see van Galilea. (Wat 'n kosbare vraag?) Dit was 'n doodnormale ding vir hulle om te doen. Die meeste van hulle was vissers van beroep en as groep het hulle dikwels van die een plek langs die meer na 'n ander plek gevaar. Buitendien was die Here Jesus hierdie keer by hulle op die boot. Die see was ook aanvanklik kalm.

Het ek gesê DOODnormaal? Skielik het alles verander. 'n Hewige stormwind het opgesteek – iets wat weens sy geografiese ligging nie vreemd aan die see van Galilea was nie. Skielik lyk die prentjie nie meer so kalm nie. Hulle verkeer in lewensgevaar. Selfs die ervare seemanne raak paniekerig. Hulle verloor perspektief.

Menslike magteloosheid en lewensgevaar beteken egter nie dat dinge buite beheer is nie. Jesus is immers op die dieselfde skuit, maar Hy slaap. Wanneer hulle in hulle angs na Hom storm en Hom wakker maak, staan Hy op, bestraf die wind en die golwe. Wanneer alles bedaar het, konfronteer Hy hulle: "Waar is julle geloof dan?"

Ons ken Jesus as die EEN wat baie meer is as net 'n leermeester. Hy is die een wat die dood oorwin het en wat sy teenwoordigheid in ons lewe deur die opstanding heen verseker het. Moenie vergeet dat Hy altyd, ook in die stormtye

Ontmoetingsvraag

Hoe maak die wete dat die Here teenwoordig is in my lewe 'n verskil in die stormtye van my lewe?

van die lewe, teenwoordig is nie. Onthou ook dat Hy nie magteloos is nie. Hy is God self. Hy kan die storms stil maak deur net 'n woord te spreek.

Hy ontmoet ons weer met die vraag oor die werklikheid van ons geloof – ook in die stormtye van ons lewe. Niks sal ons uit die hand van sy Hemelse Vader ruk nie.



In my doellose moedeloosheid asof Jesus nie uit die dood opgestaan het nie

Ontmoetingsvraag

In watter mate beïnvloed die wete dat Jesus opgestaan het uit die dood my in my moedeloosheid?

Hoewel ons as gelowiges die feite van die Evangelie ken, verval ons lewe so maklik in 'n sleurgang en praktyk van tevergeefsheid en moedeloosheid. Ons verloor dan perspektief en raak verward. Baie keer het dit te doen met die feit dat ons vergeet dat Jesus werklik opgestaan het.

Ons vind twee mense van die dorpie Emmaus – wat so 11 km vanaf Jerusalem geleë is – op pad na hulle huise ná die dramatiese gebeure van die Paasnaweek in Jerusalem. Jesus, hulle leermeester, is gekruisig en begrawe. Al hulle hoop op bevryding van die Romeine, al hulle verwagting van Hom, alles het oor die naweek tot 'n einde gekom. Hulle was by die verhore en die kruisiging. Hulle leermeester is dood en begrawe.

Só is dit totdat Jesus by hulle aansluit. Aanvanklik is hulle oë gesluit en het hulle Hom nie herken nie. Dit was eers later, nadat hy die Woord uitgelê het en die brood gebreek het dat hulle oë sou oopgaan en Hom herken. Met pastorale bewoënheid en geduld lei Jesus hulle tot die erkenning van Hom en die openbaring dat Hy werklik uit die dood opgestaan het.

Die ontmoeting verander hulle lewe. Hulle draai net daar om om die 11 km in die nag af te lê om aan die dissipels te gaan vertel. Hulle hele gemoedstemming verander. Hulle vrae verdwyn, hulle terneergedruktheid verander in blydschap, hulle ongeloof verander in hoop. Jesus Christus het werklik opgestaan.

As gelowiges, wat weet dat Jesus opgestaan het, durf ons nie lewe sonder die perspektief van die opgestane Jesus Christus nie. Die gebeure van daardie opstandingsdag moet inspeel op ons hele lewe. Dit moet perspektief gee om ons hele lewe. Dit is immers net die wete van Jesus se opstanding wat hoop en krag gee op die moedeloosheid en die doelloosheid van die wêreldse bestaan wat skynbaar deur die dood oorheers word.

Mag die weer-ontmoeting met die Here vanuit sy Woord van ons lewende getuies maak van die enigste troos vir die moedlose en doellose wêreld: "Jesus het werklik uit die dood opgestaan."



Dagstukkies 4-4

Skrifdeel:
Lukas 18:9-17

Fokusvers: Lukas 18:16

In my ingewikkelde grootmensgeloof

'n Mens kan in jou erns en ywer van jou godsdiens die kern en eenvoud van die Christelike geloof verloor.

Vir sy dissipels was Jesus se bediening 'n ernstige saak en 'n groot saak. Dit was allermens wat ligtelik opgeneem kon word en waarmee ligtelik omgegaan kon word.

Geen wonder nie dat hulle met die ouers van kindertjies raas wanneer hulle die kindertjies bring om deur Jesus geseën te word. Godsdiens is nie kinderspeletjies nie. Dit is grootmense sake. Kinders is lastig wanneer grootmense met ernstige sake besig is.

Ons dink baie keer ook so oor godsdiens en tree ook so in die praktyk van ons godsdiens op. Kindertjies, en saam met hulle ongeletterde en arm mense, word op die agtergrond geskuif. Godsdiens is ernstig en gewichtig. Ons voorsien in ons godsdiens meestal net aan intellektuele middel- en hoërklas mense se behoeftes.

Wanneer dit gebeur, kan godsdiens maklik ingewikkeld word en verval in intellektuele redenasie, lang debatte en ingewikkelde konsepte. Voordat jy jou kom kry, het jy die eenvoud van die Christelike Evangelie verloor.

Om sy wil te demonstreer, roep Jesus juis die kindertjies egter nader en seën Hy hulle. Hiermee gee Hy nie alleen te kenne dat ook kinders vir Hom belangrik is en deel het aan sy bediening nie, maar gebruik Hy die kindertjies ook om die dissipels in hulle grootmensgodsdiens te ontmasker.

Die Here vra van sy volgelinge eenvoudige geloof soos kindertjies. Al verstaan kindertjies nie alles nie en is hulle nie geleerd nie, glo hulle so maklik.

Dit leer ons uit Jesus se ontmoeting met die kindertjies en weer met ons. Kinderlike geloof. Geloof wat nie alles bevraagteken of wil uitredeneer nie. Geloof wat nie mense – al is hulle so onbelangrik soos kindertjies van daardie tyd – uitsluit nie, maar juis insluit. Geloof wat in nederigheid en dankbaarheid aanvaar wat uit die Vader-

Ontmoetingsvraag

In watter mate sien jy klein kindertjies in die gemeente as 'n gawe van die Here en hoe laat jy jou deur klein kindertjies herinner aan jou kinderlike geloof?

hand kom. Geloof wat nie redeneer nie, maar in gehoorsaamheid doen wat die Vader sê. Geloof wat jou nie teenoor God laat staan nie, maar wat jou na die Vader toe laat hardloop wanneer jy seerkry of bang word. Geloof wat die koninkryk van God soos 'n kindjie ontvang as 'n gawe van God wat ek nie deur my slim redenasies of belangrike statuur verkry nie.



Dagstukkies 4-5

Skrifdeel:
Joh. 14:15-21

Ina Hoogenboezem gee na haar ernstige siekte haar perspektief op die tema

Groot skok of smart in 'n mens se lewe laat jou dinge ontdek wat die lewe jou in jare nie kan leer nie. Wanneer dit verby is, vervul dit jou met 'n gees van nuwe kennis van jouself en van ander, 'n nuwe soort medelye met mense om jou. 'n Mens se gees groei. Dit is asof jy saam met Job kan se: "U wonderdade was te groot vir my. Ek het net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U gesien." Die meeste van die tyd het ek nie heeltemal besef wat om my aangaan nie. Van die behandeling wat ek ontvang het en wat erg traumaties was, het ek deur die genade "vergeet". Ek onthou net dat ek aanmekaar gebid het: "Ag Here, kom haal my tog nou hier asb."

Toe ek op 'n stadium my oë oopmaak en al my kinders, buiten dié in Australië, om my bed sien staan met sulke geforseerde stywe glimlaggies, het ek besef dat ek baie siek is. Terwyl ek met die pype in my keel hulpeloos daar gelê het, was daar altyd 'n kind, skoonkind of kleinkind by my om my hand vas te hou en te bid. Alles deel van die Here se praktiese liefde wat hy oor my uitgestort het.

Ek het ook die raad gekry om my swaarkry met ander te deel – nie net altyd te sê dat dit goed gaan nie omdat dit my van die hulp van ander ontnem het. My dominee het ook vir my gesê dat ek maar mag treur oor wat met my gebeur het omdat ek verlies ervaar. Dit was goed, want om altyd jou "pose" te hou maak mens tot die dood toe moeg en veroorsaak dat klein irritasies in groot irritasies verander.

So baie mense het laat weet dat hulle vir my bid. Eendag het ek my hart oopgemaak teenoor 'n vriendin en gesê dat ek nie meer kan of wil bid nie. Haar eenvoudige antwoord, sonder om geskok te wees, was om te onthou wat Paulus gesê het dat as jy nie meer weet hoe of wat om te bid nie, dan tree die Gees self vir ons in. Daarmee saam het sy, soos baie ander mense ook, my herinner aan hoe groot God se liefde vir my is. Een ding moet jy weet, selfs al ignoreer jy die Here en al gaan lê jy met jou gesig na die muur toe, is daar aan sy liefde geen einde nie.

Loof Hom want Hy is goed en deur sy Heilige Gees verseker Hy jou dat Hy jou God is, jou by die hand vat en verseker dat jy nie bang hoef te wees nie.

Gebedsriglyn: Watter rol speel gelowige vriende in my geloofsworsteling om my te herinner aan die beloftes van die Here? Is ek self so 'n vriend?



Kleingroepriglyn - Week 5

Wanneer die Here jou altyd-weer in jou VOLHARDING ontmoet ...!



Besluit as groep watter een van die twee Skrifgedeeltes, wat onderskeidelik tydens die oggenddienste of die aanddiens as teksgedeelte gebruik gaan word, julle wil gebruik.

Koppelgedeelte

Laat iemand in die groep die onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees

Die volharding van die gelowiges is 'n teologiese begrip in ons belydenis wat daarop dui dat wanneer iemand eenmaal die saligmakende geloof van God ontvang het, hy nooit weer uit die genade van die Here sal val nie. (Dordtse Leerreëls Hfst 5).

Paulus het aan die Filippense geskryf: "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom". (Fil.1:6).

Binne in hierdie sekere wete dat God my deur die genade van Jesus Christus en deur die krag van die Heilige Gees vashou, het ons as gelowiges die verantwoordelikheid om te volhard in ons verhouding met God. Paulus roep vir Timoteus op: "In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê." (1 Tim. 6:12).

Dit is vir ons in die Bybel opgeteken hoe die Here na sy opstanding en selfs na sy hemelvaart sekere mense ontmoet in hulle volharding en stryd. Uiteindelik is alle gelowiges meer as oorwinnaars in Hom wat ons liefhet. (Rom. 8:37).

Om aan te hou met glo en aan te hou om die Here te dien, word al hoe moeiliker soos wat die tyd aanstap en die omgewing om ons al hoe minder van God wil weet. Hiermee saam gaan die aanvegtinge van die Bose en ook ons eie sondige natuur wat ons wil terugtrek in 'n lewe sonder God. Soms is die stryd 'n alleenstryd. Soms is dit 'n stryd met jouself. Soms is dit 'n stryd wat van buite af woed. In die ouer dae van ons lewe op aarde kan die stryd soms baie fel word.




Met die oog op die oggenddienste

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op die ontmoeting van die verheerlikte Here aan die bejaarde Johannes op die eiland Patmos. Uit hierdie ontmoeting vloei die Openbaring van die Here om gelowiges te bemoedig in hulle swaarkry en om vir hulle hoop te gee ten opsigte van die toekoms.

Met die oog op die aanddiens

Vandag se kleingroepbyeenkoms fokus op die ontmoeting van die verheerlikte Here aan Stefanus in die krisisuur van sy lewe waar hy ter wille van sy navolging van Jesus met klippe doodgegooi word. Dit is juis in die krisisuur dat hy Jesus aan die regterhand van God sien staan.



Mag die ontmoetings van ons Here wat vir ons in sy Woord opgeteken is, ons opnuut laat moed skep en laat aanhou. Mag jy soos Paulus aan die einde van jou lewe kan bely: "Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou." (2 Tim. 4:7).

Die dagstukkies hierdie week handel oor: Wanneer die Here my altyd-weer ontmoet:

- 5.1. in die laaste tyd van my lewe op aarde
- 5.2. in my sondebeseft van verloëning van die Here
- 5.3. in die onreg wat my as gelowige aangedoen word
- 5.4. in my eensaamheid oor veranderde verhoudings
- 5.5. Martie Geertsema gee haar perspektief op die tema.



Verhouding met mekaar (15-30 min)

1. Met watter aspek van jou geloofslawe sukkel jy mee om te volhard?
2. Wat, in die huidige konteks van jou lewe, maak dit vir jou moeilik om 'n Christen te wees?



Verhouding met die Here (45 min)

Ons met die Here (15 min)

Sing saam tot eer van die Here.

Die groep kan self die liedere kies
of die volgende gebruik.
Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.

Skrifberyming 14-3 Die wapenrusting van God

14-3:1

Versterk jul in die Heer se krag,
die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.
Kom trek, gesterk deur God se mag,
sy volle wapenrusting aan.
Jul sal so staande bly,
Ná elke veldslag vry.
Jul kan teen Satan stry,
sy sluwe lis bestry,
in God se krag hom trou weerstaan.

14-3:4

Stry altyd biddend deur die Gees,
terwyl jul God van harte smee.
Volhard en laat jul bede wees
vir heiliges in elke streek.
En bid dat God se Woord
gepreek word soos dit hoort,
geheimnisse soet
vrymoedig en met moed
nou kragtig uit my boeie breek!

Skrifberyming 7-2 Gees- en Bruidroep

7-2:1

Die Begin en Einde,
Alfa en Omega,
hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde
tot jy deur die poorte
veilig binnekom.
Buite bly die bose staan,
sondaars wat voor God nie bewe.
- Jý ontvang die lewe!

7-2:2

Ek, die Heer van here,
Koningskind van ere,
kom in krag met mag.
Ek, die ster van sterre,
skitterblink van verre:
"Einde van die nag!"
En die Gees en bruid roep uit:
"Jesus, Here, kom in ere!
Kom tog gou, o Here!"

Gebedsvoorstel

Doen 'n lofprysings- en dankseggingsgebed waartydens julle ook vra om die verliggende werk van die Heilige Gees in die verstaan en deurwerking van die Woord in julle lewe.

Die Here met ons (30 min)

1. Laat iemand die gekose Skrifgedeelte deurlees waarna elkeen 'n geleentheid kry om iets te sê wat hom of haar uit die gedeelte GETREF het, in die besonder oor die tema van selfgemaakte godsdiens. Die stelling moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
2. Laat iemand anders dieselfde gedeelte weer lees en gee geleentheid vir elkeen in die groep om 'n VRAAG te vra uit die gedeelte, in besonder oor die tema van selfgemaakte godsdiens. Die vraag moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
3. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
4. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos aan die betrokke predikant deur. (Die week se oggenddienste ds. Willem en aanddiens ds. Fanie)
5. Skrifgedeeltes wat in die dagstukkies behandel word, kan bestudeer word indien daar tyd beskikbaar is.



Verhouding met die wêreld en skepping (15 min)

1. Doen as deel van julle gebed voorbidding vir iemand (dit kan meer as een wees) wat julle weet wat volharding nodig het en vra iemand uit julle groep om met die persoon kontak te maak en te verseker van julle voorbidding.
2. Deel met mekaar wat jou uit die kleingroepbyeenkoms bemoedig het en weer hoop gegee het.

Sluitnota

Vanaand is die laaste van die kleingroepbyeenkomste.

Indien julle 'n nuwe groep is, moet julle besluit of julle steeds as kleingroep verder wil vergader. Miskien sal dit goed wees om nog ten minste een byeenkoms te hou om die tyd van saamwees te vier.

Dankie dat julle aan die Fokustyd deelgeneem het. Terugvoer oor die Fokustyd sal verwelkom word en kan via die kerkkantoor of direk aan die predikante gestuur word.



Dagstukkies - Week 5

Wanneer die Here jou altyd-weer in jou VOLHARDING ontmoet ...!



Dagstukkie 5-1

Skrifdeel:
Lukas 2:25-36

Fokusvers: Lukas 2:29

In die laaste tyd van my lewe op aarde

Simeon was al oud en naby die einde van sy lewe op aarde. Hy was 'n inwoner van Jerusalem wat getrou aan die wet en vroom gelewe het. Hy het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die Heilige Gees was op hom en het aan hom bekendgemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie.

Sy hele lewe was gerig op hierdie dag. Hy het daarna uitgesien. Hy het die Here aanhou dien terwyl hy op die vervulling van die belofte gewag het.

In sy volharding gebeur dit toe ook. Hy ontmoet die Verlosser. Hy ontmoet Jesus as 'n pap babatjie wat hy in sy oumensarms neem. In 'n loflied reageer hy as profeet wat deur die Heilige Gees gestuur is. Hy sing 'n lofsang omdat hy sy Verlosser, die Verlosser van Israel maar ook die lig vir die wêreld gesien het.

Ontmoetingsvraag

Leef ek met die verwagting dat my Verlosser, wat gekom het, my sal kom haal sodat ek by Hom kan wees?

Hierdie ontmoeting met die Verlosser maak Simeon se bande met die lewe op aarde los. Hy ontvang vrede van God wat verstand te bowe gaan. Nou kan hy maar gaan – soos 'n slaaf wat ontslaan word van sy diens is hy nou bereid om te gaan. Hy is verlos en nie verlore nie. Die beloftes van die Woord het waar geword in sy lewe. Sy volhardende wag op die Messias is verby.

Ons kyk vandag terug op dit wat Simeon toe nog in die toekoms sien kom het. Ons weet dat die profesieë van Simeon waar geword het en dat Jesus Christus die enigste Verlosser is. Ons kyk deur dieselfde Heilige Gees en sien ons Verlosser raak.

Selfs al is jy al ver in die jare. Deur die Gees getuig ons dat Jesus die Here is. Ook ons

verlosser. In Hom breek daar 'n toekoms en 'n lewe aan wat verby hierdie aardse lewe strek. In afwagting op die ontmoeting met ons Here Jesus Christus leef ons vandag hier op aarde. Hy het gekom en Hy sal weer kom. So belowe God dit in sy Woord.

Die vrede van God vervul ons. Selfs al moet ek nou sterf. My Verlosser lewe. Ek verwag die dag waarop Hy my kom haal.



Skrifdeel:
Lukas 22:54-62
en 24:33-34

Fokusvers: Lukas 24:34

In my sondebeseft van verloëning van die Here

Daardie kyk van Jesus. Was dit verwyttend? Hartseer? Was daar teleurstelling in sy oë? Was dit 'n kyk met pastorale hartseer of bekommernis?

Dit was al wat Petrus gehad het nadat hy Jesus drie maal verloën het. Hy kon nie weer met Jesus praat nie. Hy kon nie sê hoe teleurgesteld en jammer hy was dat hy nie sy woord gehou het nie. Hiervandaan sou Jesus geneem word om gekruisig te word. Hierna sou Hy sterf en begrawe word.

Ons kan maar net spekuleer oor wat in Petrus se gedagtes omgegaan het tydens die kruisiging, begrafnis en die tyd wat Jesus in die graf was. Dit is nie vir ons opgeteken in die Woord nie.

Wat ons wel lees, is dat Petrus diepe berou gehad het. Hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil. Wat sal Jesus van hom dink? Hy wat met soveel oortuiging verklaar het: "U is die Christus, die Seun van die lewende God" en "Ek sal U nooit verlaat nie, selfs al sou dit my dood beteken."

Ontmoetingsvraag

Laat ek soms toe dat my onvolkome diens aan die Here, en selfs my verloëning van Hom, 'n hindernis vorm in my lewe van volharding?

Daar was darem nog die beloftes van die Here waaraan Petrus kon vashou. Kort voor sy dood het Jesus geleer dat "die Satan daarop gaan aandring om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou (veral vir Petrus) gebid dat jou geloof jou nie begewe nie". Later het Jesus belowe: "Nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruit gaan na Galilea toe"

Dan is daar die gebeure van die Sondagmôre van die opstanding. Die vrou verkondig dat Jesus opgestaan het en dat hulle die nuus aan die dissipels, veral aan Petrus moes oordra. Nadat Maria Magdalena dit vertel het, hardloop Johannes en Petrus na die graf om te vind dat die graf leeg is.

Dan verskyn Jesus aan Petrus. Van die ontmoeting weet ons niks meer as dat dit gebeur het nie. Die ontmoeting tussen die opgestane Jesus en Petrus is persoonlik. Pastoraal. Herstellend. Opheffend.

Hoe bemoedigend is hierdie feit nie vir gelowiges wat vandag nog struikel en val en selfs soms die Here verloën in ons woorde en dade nie. Die Here tel die wat geval het weer op. Hy genees die gebroke hart. Dit is juis vir sondaars wat Hy gesterf en opgestaan het.

Ons kan in diepe berou na die Here toe gaan. Hy het vir ons sonde gesterf en Hy het opgestaan. Hy het deur sy Gees ons in 'n lewende verhouding met Hom geplaas. In die verhouding soek Hy ons op en herstel Hy dit wat stukkend gegaan het.



Dagstukkies 5-3

Skrifdeel:
Openbaring 6:9-11

Fokusvers: Openbaring 6:11

In die onreg wat my as gelowige aangedoen word

Wanneer sal die Here die onreg wat aan sy kinders gedoen word, in sy regverdigheid straf en so sy eer herstel?

Op die versugting van alle eeue word 'n antwoord gegee wanneer Jesus, die Lam van God, die sewende seël in die openbaring aan Johannes oopmaak. Die beeld is die van die tempel met sy offeraltaar waarteen die bloed van die geslagte offerdiere gesprinkel is. In die bloed, so is in die Ou Testament geglo, was die lewe en die siel verteenwoordig.

Johannes sien die siele van die gelowiges wat volhard het tot die dood toe. Dié wat letterlik gesterf het omdat hulle aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het. Dit kan ook alle gelowiges wat in 'n afvallige wêreld vasgehou het aan die getuienis wat hulle ontvang het, insluit.

Die Here ontmoet hulle in hulle afwagting deur vir hulle lang wit klere te gee. Dit is 'n versekering dat hulle rein gewas is met die bloed van Christus. Verder ontvang hulle die versekering dat die oordeelsdag sal kom wanneer God se eer en geregtigheid duidelik sal wees. Die getal van die gelowiges moet eers vol gemaak word. Met hierdie verwagting op die vervulling van die belofte moet hulle geduldig wag.

Dit bly die boodskap vir volhardende gelowiges vandag te midde van fel aanslae van die wêreld en die duiwel. Dit bly die boodskap van hoop en troos vir mense wat geestelik en fisies vervolgd word omdat hulle aan die getuienis van Jesus Christus vashou.

Terwyl ons saam met die skepping en die Heilige Gees sug in afwagting op daardie dag, geld die opdrag van die Here vir ons as gelowiges: "Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan geskrywe: "Dit is my reg om te straf: Ek sal vergeld, sê die Here." (Rom.12:19).

Ontmoetingsvraag

Hoe beïnvloed die wete dat die Here die onreg gaan straf my verhouding met mense wat my onreg aandoen?



Fokusvers: Johannes 19:26

In my eensaamheid wanneer verhoudings verander

Miskien, in teenreaksie op die aanbidding van Maria, die moeder van ons Here Jesus Christus, gee ons waarskynlik te min aandag aan die geloofspad wat die Here met hierdie vrou geloop het.

Sy word swanger voor haar huwelik met Josef. Dink net aan die geweldige gevolge daarvan. Op grond van die engel van die Here se verskyning glo sy die ongelooflike en verklaar: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." (Luk. 1:38).

Wanneer die herders haar en Josef en die Kindjie besoek, was almal verwonderd oor wat hulle gesê het, maar sy het "alles onthou en telkens weer by haarself daarvoor nagedink." (Luk. 2:19). Die bejaarde Simeon profeteer die onafwendbare: "Wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan." (Luk. 2:34).

Inderdaad was Maria se lewe as moeder van Jesus nie maklik nie. Van die persoonlike worsteling, die kinderopvoeding, die dinamika in hulle gesin kan ons maar net spekuleer omdat die Woord niks daarvoor sê nie.

Ontmoetingsvraag

Hoe sou die lewe as gelowige gewees het indien daar geen gelowige broers en susters saam met my gelewe het en ek nie deel was van 'n huisgesin van God nie?

Wat die Woord wel leer, is dat Jesus ook sy moeder se Verlosser was. Haar seun Jesus het haar op 'n besondere manier die dag aan die kruis ontmoet. In haar smart vind ons haar by die kruisiging van haar Seun. In die geloof waarin sy volhard, is sy daar. Hoe verskriklik eensaam moes sy nie gewees het nie. Haar verhouding gaan, om die minste te sê, nooit weer dieselfde wees nie.

Terwyl Jesus besig is om die straf van God van die hele mensdom te dra, sien Hy haar raak en "ontmoet" Hy haar op 'n ander manier in haar worstelinge. Waar Hy aan die kruis hang, is Hy nie in die eerste plek haar Seun nie, maar haar Verlosser. Hy is besig om ook vir haar sondes aan die kruis te betaal.

Deel van hierdie verlossingswerk is ook om nuwe verhoudings te skep. Om 'n gemeenskap van gelowiges tot stand te bring waarin moeders nie alleen behoort te wees nie en weduwees versorg moet word.

Na die gebeure lees ons net eenmaal weer van haar. Dit is toe die dissipels en 'n aantal vroue eensgesind biddend bymekaar was in afwagting op die uitstorting van die Heilige Gees (Hand. 1:14). Sy word spesiaal by die naam vermeld. Nou is sy nie alleen

nie, maar tussen die lede van haar nuwe huisgesin, 'n volgeling van Jesus Christus, ook haar Verlosser.

Mag die geloofsvolharding en die gevolge van die ontmoeting van Jesus met sy moeder aan die kruis ons inspireer om as gelowiges, wie ons ook al is, in hegte verhoudings met mekaar te lewe terwyl ons Jesus as ons Verlosser volg.



Dagstukkies 5-5

Skrifdeel:
Joh. 17:1-11

Fokusvers: Johannes 17:9-11

Martie Geertsema gee haar perspektief op die tema.

Dit voel vir my asof God in Afrika soveel meer relevant is.

Die waarde van lewe hier is goedkoper as op ander plekke, en daar is soveel wat op die punt staan van inmekaar intuïem. Inwendige en uitwendige vrede en orde wankel soos pap jellie. Dit is waar vir ons almal, maar veral as jy uit die oënskynlike bloute met 'n onbekende, terminale siekte gediagnoseer is.

En tog is God hier in die gebrokenheid.

Ons almal het ons sigbare stryde, en uit my belewenisveld gee ek die volgende voorbeelde. Vandat ek gediagnoseer is met Pulmonêre Hipertensie, leef ek elke dag deur die fases van rou:

- Ontkenning: Dalk sal die dokter vandag vir my sê dat alles 'n fout was en die toetsuitslae per ongeluk gemeng is met iemand anders s'n. "Skuusie!"
- Woede: Ek wil nie siek wees nie!
- Onderhandeling: OK Here, as ek dan nou moet siek wees, dan moet U nou maar sorg dat ek die medisyne wat ek nodig het, kry. Al is dit nie in SA beskikbaar nie. Al is dit onbetaalbaar duur. Al lyk dit na 'n onbegonne taak. (Hoor die uitdaging in my stem?)
- Depressie: Maar ek doen dan alles wat ek moet: ek drink my pille, dra suurstof, sien die dokters, ruil die naalde, en nog steeds gaan die siekte nie weg nie.
- Aanvaarding: Goed, Here. Ek is op die pad wat U vir my gegee het. Help my asseblief om dit te loop en U liefde te weerspieël.

Jy dink hierdie goed tog in elk geval – jy kan dit maar net sowel vir die Here sê, of hoe?

En God luister. Altyd. Meer as wat nodig is. Ek kom agter dat my definisie van genoeg eintlik oorfloed is. God gee soveel meer as wat ons nodig het en tog is dit skrikwekkend hoe gereeld ek myself vang waar ek met God probeer onderhandel. Hy bly

voorsien. Hy bly lief vir my. Hy sê nooit ons vriendskap is ongebalanseerd of nie meer lekker vir Hom nie.

En dan, eendag, begin jy ook die goeie goed in jou lewe met die Here deel en daarvoor dankie sê.

Geloofsvolharding, dink ek, is eintlik om met God aan te hou praat en te luister, soos in 'n goeie vriendskap. Wanneer jy terugkyk sien jy God was daar. Nie net was Hy daar nie, Hy't in oorvloed voorsien. As jy aanhou praat met God, vir Hom sê hoe jy voel en wat jy dink, terug luister, sien wat Hy doen en die engele wat Hy oor jou pad bring raaksien en daarop reageer, kyk jy na 'n ruk terug en sien dat ander mense dit volharding genoem het. Ek noem dit 'n verhouding.

Met dank aan die volgende taalversorgers:

Elma de Kock, Doretha Rost, Nina Brink, Schalk Vorster en Cecile van Zyl